Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 26 Sep 2018
Page: 27

AVE: 23495.03
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Kovsies, Tuks in Varsity se binnebaan

**Annchen Nel**

Die Kovsies gee die pas aan in die Varsitybeker-netbalreeks.

Wat die Bloemfonteinse studente nóg gevaarliker maak in die pylvak van die reeks, is dat hulle Maandag in 'n tuishalfeindstryd speel en waarskynlik ook die eindstryd sal aanbied.

Die Kovsies het eergisteraand in Bloemfontein die Noordwes-Universiteit relatief maklik met 68-51 geklop.

Hulle het die ligafase ná ses oorwinnings en een nederlaag met 31 punte afgesluit.

Die Vrystaters sal teen die Maties te staan kom.

Die Stellenbossers het die lewe vir hulself moeilik gemaak toe hulle in Port Elizabeth met tien doele (36-46) teen die Madibaz vasgeval het.

Hulle het steeds die halfeindronde gehaal, maar moet nou na Bloemfontein reis.

Die studente van die Nelson Mandela-Universiteit het gewys hul twee goeie oorwinnings vroeër vandeesmaand in Stellenbosch was geen gelukskoot nie.

Hulle speel as 'n eenheid met Jeanie Steyn, hul kaptein en hoofdoelverdediger, aan die spits.

Die Madibaz sal die Tuks, die verdedigende kampioen, in Pretoria die stryd aansê.

Tuks het heel voorspelbaar geen probleme gehad om die Universiteit van Wes-Kaapland met 87-46 af te stof nie.

Die Pretorianers het tweede geëindig (26 punte), met die Madibaz (26) derde weens 'n swakker doeleverskil. Die Maties het 24 punte ingesamel.

Die eindstryd is op 8 Oktober.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.